


S.A. POLISIE EN
SWERWER-
SPEURDER
REEKS
No. 12.
Kettings vir
die siel.
braam le roux

Dreyer maak sy oë stadig oop. Eers kyk hy na die konstabel, dan na Constance. Hy kyk vir sekondes vas in die groen-blou oë van die man wat nog altyd sy redding was. Hy weet dadelik dat dit Constance is en glimlag.

Hy ontbloot sy regterarm vinnig en draai sy hempsmou so dat dit styf oor sy bo-arm trek. Die „dokter" kan homself hoor asemhaal. Hy bring die inspuitingsnaald nader, tot by die aar wat in die waai van die arm uitbult. Dan een vinnige beweging en die naald bars deur die aar.

Die vloeistof word in die aar geledig, en vinnig en behendig trek die „dokter" die naald uit. Hy draai om en gryp 'n stukkie watte in 'n glasbakkie en druk dit op die klein gaatjie in die arm waar die bloed wil uitsypel. Dreyer buig sy arm en sy oë val toe. Hy gee 'n vinnige kreun en dan is hy doodstil.

Sonder 'n woord draai die „dokter" om en stap by die deur uit.



## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Tralies van die Hart | 3 |
| 2. | Skaduwees van die Skemer | 14 |
| 3. | Wolk van Onheil | 25 |
| 4. | Dissipel van Satan | 36 |
| 5. | Vingers van die Nag | 48 |
| 6. | 'n Flitsende Dolk | 60 |
| 7. | Angel van die Dood | 72 |
| 8. | Die Einde van M6 | 83 |


Hoofstuk 1

## TRALIES VAN DIE HART

Dit is tienuur in die oggend. Die rook hang nog swaar oor die stad. Op die tiende verdieping van die koerantgebou staar Dreyer Marais by die venster uit. Die lug is dynserig en tussen die hoë geboue dryf 'n dik laag rookmis. Onder hom in die teerstraat vertoon alles plat en ver. Dit is mense wat op en neer beweeg en plat, skewe motors wat by mekaar verbyswiep.

Dreyer Marais kyk van die venster af terug die vertrek in, 'n klein kamer met 'n rusbank, twee stoele, 'n lessenaar en 'n tikmasjien. Die tikmasjien staan oop.

Dreyer Marais sug. Hy voel nie vanoggend lus vir werk nie. Hy staar al vir die afgelope halfuur hier deur die venster en dit is asof sy gedagtes verward is, asof hulle nie behoorlik koers kan kry nie.

Die man in die klein vertrekkie lyk bleek, geel-wit in sy gesig. Sy oë is groot en donker, maar toon die tekens van iemand wat bra min geslaap het. Sy hare hang lank in sy nek. Hy verkies om hulle so te dra, omdat dit hom eerstens anders laat lyk en tweedens. . . sy hare groei vinniger, veel vinniger as ander mense s'n. As hy hulle kort wil hou, moet hy dit elke vyfde dag laat kap en dit is darem te veel vir 'n man se sak.

Sy vingers is klein, byna te fyn vir die van 'n man.

Dreyer Marais is ook anders aangetrek as sy kollegas. Sy blou broek is effens kort, kort sodat die geel kouse tussen die broek en die bruin skoene kan uitsteek. Sy blou baadjie is van 'n duur snit, maar lank, langer as die gewone baadjie. Hy het 'n rooi hemp aan, ligrooi met 'n geel das. En onder sy baadjiemoue steek die moue van die rooi hemp 'n goeie entjie uit.

Dreyer Marais stap na die lessenaar en uit sy laai haal hy 'n pakkie sigarette te voorskyn. Hy haal een uit, tik dit op sy duim, steek dit tussen sy dun lippe in en dan vroetel hy in sy sakke en haal sy sigaret-aansteker te voorskyn. Daar is 'n klikgeluid, 'n blou vlam wat uitbol en met hande wat effens bewe, hou hy dit teen die sigaret in sy mond.

Halfskeel kyk hy met die sigaret langs na sy bewende vingers en die lang naels van sy drie middelvingers. Asof hy hom vererg vir die bewerasie wat hy so vroeg in die oggend het, gooi hy die sigaret-aansteker met 'n vinnige swaai van sy hand op die lessenaar neer, trek diep aan die sigaret, blaas die rook uit en gaan staan weer by die venster. Met die lang sigaret tussen sy vingers vasgeknyp, kyk hy na die dun vlagie rook wat lui en

kronkelend opstyg van die sigaret af, en dan weer na sy lang naels.

Sy naels!

Hy weet dat sy naels net soos sy hare vinnig groei. Hy het dit vir die eerste keer ses maande gelede agtergekom. Dit is vandat hy bevriend is met Constance Lamont—'n vriendskap wat hy nie kan verbreek nie, nie durf verbreek nie.

Sy kollegas in die redaksie van Die Goue Ster het sy lang naels opgemerk en snaakse, spottende aanmerkings daaroor gemaak. Hy het dit toe gereeld begin afknip, maar toe het die redaksionele personeel agtergekom dat sy naels en sy hare besonder vinnig groei, en dit is van toe af dat hy die naels en die hare nooit te kort knip nie. Nou lyk dit soos 'n deel van sy eienaardigheid, lang naels, lang hare, effens vroulik. Hy weet dat die manlike kollegas hom as te fyn, meisieagtig beskou, maar hy steur hom nie daaraan nie. Hulle hou ook nie van sy kleredrag nie, maar snaaks genoeg, die meisies hou van hom. Gewis en seker.

Miskien is dit sy voorkoms, sy kleredrag wat hom 'n eienaardige pos in die redaksie van die Goue Ster verwerf het. Hy weet egter dat hy nie die enigste man is wat die vroueblad van 'n koerant behartig nie. En hy kry veel meer interessante dinge op onthale, tuinpartytjies en vrouekongresse in die hande as wat 'n vroulike joernalis ooit kan droom om te kry.

Een ding weet Dreyer Marais en dit is dat sy snaakse maniertjies en sy eienaardige drag ook geensins sy verloofde hinder nie. Sy is Constance Lamont se sekretaresse, Lorraine Beukes, en hy weet dat sy hom, Dreyer, bemin.

Vanoggend is daar egter twee dinge wat Dreyer Marais hinder, twee dinge wat die bewerigheid van sy hande verhoog. Die eerste is Constance. Hy verwag enige oomblik 'n telefoonoproep van hom. Die tweede is dat Lorraine dalk al iets agtergekom het, iets wat in verband staan met sy gereelde besoeke aan Constance, iets in verband met sy senuweeagtigheid en die soms rustelose periodes wat hy beleef.

Die telefoon lui ineens skril op sy lessenaar. Hy tree vinnig van die venster af weg en raap die spreekbuis op.

,,Dreyer Marais hier.''

Die persoon aan die ander kant gee antwoord en Dreyer se hart begin onstuimig klop. Dit is Constance.

,,Môre, Dreyer. Voel jy lekker?''

,,Bewerig.''

Daar is 'n sagte gelag aan die ander kant.

,,Wag maar. oor twee uur sal dit vir jou voel of jy wil



doodgaan. Jy sien, Dreyer, sonder my sal jy nooit kan klaarkom nie. My vriendskap beteken vir jou lewe—lewe, Dreyer!''

Die stem lag weer sag aan die anderkant.

,,Dat dood, ellende en lewe so gradueel verskil, Dreyer. Dit is wonderlik.''

Dreyer kyk verwilderd om hom heen.

,,Ek weet. . . ek weet wat jy weer wil sê, Constance. Ek weet, maar in hemelsnaam begryp. . . begryp tog dat dit vir my fataal sal wees! Dit is gevaarlik!''

Dreyer se lippe is ineens droog. Hy gooi die brandende sigaret op die vloer neer.

Die skor stem antwoord aan die ander kant.

,,Dit is nie gevaarlik nie. . . nie as jy dit reg hanteer nie, Dreyer. Dit sal jou skatryk maak en vir my ook. Jy sal nooit weer hoef te werk nie.''

,,Maar ek wil werk! Dit is vir my heerlik, hierdie soort werk wat ek doen!''

Daar is 'n oomblik stilte.

,,Moet nie hardkoppig wees nie, Dreyer. Oor twee uur sal jy ellendig voel. Soos gewoonlik sal jy hier by my opdaag, by jou goeie vriende, maar verstaan mooi: Jy kom verniet as jy nie doen soos ek sê nie. En onthou, ek, Constance Lamont, is die enigste een in die land wat jou lewe kan red.''

Daar is 'n klikgeluid in Dreyer se oor en hy weet dat Constance die gehoorstuk neergesit het. Dreyer laat sak die instrument en plaas dit met bewende hande op die mikkie terug.

Hy gaan sit op die stoel voor die lessenaar en trek sy tikmasjien nader. Dit is nou halfelf. Hy sal nog iets kan doen tot halftwaalf, maar dan sal dit vir hom voel of sy kop wil oopbars; sy hande sal rukbewegings uitvoer, selfs sy spraak sal geaffekteer wees; dit sal voel of sy oë uit hulle oogkaste draai; daar sal 'n dreuning in sy ore wees en op die dreuning sal stemme volg, sommer stemme wanneer daar in werklikheid geen stemme is nie; 'n geweldige angs sal hom beetpak en hy sal begin sweet.

Maar hy weet al, hy weet al vir die afgelope ses maande dat wanneer hy hierdie liggaamsimptome beleef, dit al lankal tyd vir hom was om 'n besoek af te lê aan sy goeie vriend, Constance Lamont.

Gewoonlik wag Dreyer nie totdat die bewerasie te erg word nie. . . Hy gaan vroegtydig, voordat daardie gevoel van angs, van vrees hom onder kry, voordat daardie gevoel van neersmytende swartgalligheid hom oormeester.

Dreyer vryf oor sy gesig en begin tik, maar sy aandag is nie by

sy werk nie. Hy weet nou, hy weet elke dag, dat Constance soos altyd sal wen. Maar tot vandag toe het Constance nooit eise aan hom gestel nie. Hy het net sy geld gevat, en hulle het gelag en gesels. Maar vanmôre al—hy was nog in die bed—het Constance gebel en hom feitlik opdrag gegee om 'n daad te begaan wat uiters gevaarlike gevolge vir hom kan hê en miskien ook vir Constance. Maar Constance sê as hy dit reg doen, kan daar geen gevaar wees nie. Voer hy Constance se bevele nie uit nie, nouja, dan sterf hy, sterf hy. Hy . . . hy kan letterlik nie sonder Constance lewe nie.

Dreyer spring vinnig agter sy lessenaar op. Die sweet vorm reeds 'n dam op sy voorhoof. Hy kry daardie ou benoude gevoel en gaan staan by die venster waar hy die lug diep in sy longe opsuig.

Hy diep sy sakboek uit sy sak en vee oor sy voorhoof, vryf sy hande droog. Hy voel dat dit vanoggend vroeër kom. Hy sal nou dadelik na Constance moet gaan, voordat die ander dit merk.

Dreyer loop vinnig deur toe. In die gang groet hy 'n paar dames, 'n paar mede-joernaliste, en dan gaan hy met die hysbak na benede. Hy spring in sy Volkswagen en ry vinnig deur die strate. Die ongemaklike gevoel is reeds in sy ledemate, in sy spiere en senuweebane. Dit voel asof sy spiere lewendig uit sy liggaam geskeur word.

Hy ry vinniger en 'n halfuur later hou hy voor die dubbelverdieping-gebou stil. Die huis staan alleen in die verlengde deel van die straat. Die naaste bure is maklik seshonderd tree van hierdie dubbelverdieping af. Aan die huis se westelike kant is die begraafplaas met sy stil sipresse en hoë dennebome en ten ooste van die dubbelverdieping, „Kraaines," is 'n groot klipkoppie waaragter die huis kan skuil, sodat die bure seshonderd tree daarvandaan nooit eintlik „Kraaines" se besoekers kan sien kom en sien gaan nie.

Dreyer klap sy motordeur toe en staar op na die hortjies-vensters op die boonste verdieping. Hy kan Constance se gesig by die een venster sien. Dreyer loop vinnig na die deur en gooi dit oop. Uit die smaakvol gemeubileerde portaal gaan 'n deur links uit. Dit is Lorraine se kantoor met die infra-rooi mat wat sy oë altyd seer maak. Sy sit reeds agter haar ysterlessenaartjie en tik. Die gehoorstukke van die diktafoon is op haar ore.

Sy haal die gehoorstukke af en slaan die diktafoon se skakelaar af. Sy glimlag breed.

„Môre, Dreyer, het jy te veel na my verlang?"

Hy glimlag skeef en die ongemak in sy keel laat hom na sy woorde sluk.



„Ja. . . ek. . . ek sien jou nou, Lorraine. Ek wil eers vir Constance môre sê."

Hy hardloop deur die swierig gemeubileerde voorkamer en dan draf hy teen die styl houttrappe op. Hy kyk terug en hy sien Lorraine in die portaal staan. Sy roep hom agterna.

„Hoekom sweet jy so? Dit is tog nie warm nie!"

Dreyer is egter 'n oomblik later uit die oog en sy hoor hoe dat sy voetstappe oor die vloer van die boonste verdieping klap. Weldra is daar 'n dringende klop aan Constance Lamont se studeerkamerdeur. Die deur vlieg oop en daar staan Dreyer en hy sug verlig. Hy trek sy asem diep in en dan pluk hy sy baadjie uit en rol sy regter-hempsmou op.

Voor die oop venster sit Constance op sy invalide stoel en oor sy plomp gesig sprei 'n glimlag. Daar is byna geen hare meer op sy kop nie en waar daar 'n bietjie op sy slape en agterkop is, is hulle reeds byna almal grys.

„Wat is dit, Dreyer?" lag Constance.

„Ek moet een kry nou, Constance. . . Dit voel of duisende duiwels in my gevaar het. 'n Mens sal sommer selfmoord pleeg as jy. . . as jy nie verligting kan kry nie."

Constance lag uittartend.

„En dit is net Constance se naald wat jou daardie verligting kan gee, nie waar nie, Dreyer?"

Constance sit bewegingloos op sy rolstoel voor die venster. Dreyer se bewegings is gejaagd, rusteloos. Hy ruk sy geel das van sy nek af en draai dit om sy bo-arm sodat die are op sy arm effens uitbult.

Hy sak op die rusbank neer en stotter:

„Kom, Constance, kom! Ek ken jou nie as 'n wreedaard nie!"

Daar weerklink 'n gepiep soos die stoel waarop Constance sit, nader beweeg. Constance lag nog steeds.

„Dit is reg, Dreyer. Ek was nog nooit wreed nie. Ek het jou verligting gegee net wanneer jy daarvoor gekom het. Jy bly my beste vriend, jy weet. Maar Dreyer, reken wat sal gebeur as ek. . as ek nou weier om jou 'n inspuiting toe te dien."

Dreyer vlieg orent.

„Moenie sulke dinge sê nie. Dit lyk asof jy lekkerkry om my te gesel. Kom. . . kom, Constance, bring die. . . die goed!"

Constance hou op met lag en sy gesig is stroef.

„As ek weier, Dreyer, sal jy mal word. Jy sal soos 'n besetene te kere gaan. . . Jy sal selfmoord pleeg. Vele het dit voor jou gedoen. Dit is die einde van die gekke wat verslaaf raak aan M6. Solank hulle die inspuitings kry, lewe hulle in die sewende hemel.

Dit verhoog hulle werkkrag. . . hulle breinvermoë. Hulle voel hulle kan berge versit. Wanneer die effek van M6 verdwyn, kry jy 'n voorsmaak van die hel wat gewis en seker sal kom, as jy nie gou nog 'n inspuiting kry nie, Dreyer. Jou liggaam word warm. Die sweet bars by al jou porieë uit. Jy voel benoud. Dit voel of jou senuwees en spiere deur skerp skêre uit jou liggaam losgetorring word. Daar begin snaakse dinge in jou kop plaasvind. Jy hoor stemme en as dit in die nag is, sien jy dinge wat nie bestaan nie. Angs, Dreyer, angs pak jou beet. Jy is bang vir iets wat sterker as die dood is, sterker en kragtiger as enige liggaamlike pyn wat jou kan bedreig of jou kan folter. Dit is verskriklik, Dreyer, die na-effek van M6 maak jou kranksinnig, laat jou selfmoord pleeg. Daar is geen ander uitweg as jy eers in daardie ellende verval nie. Net nog 'n inspuiting van M6 kan jou help...."

Dreyer se oë is groot en verwilderd. Soos 'n ingehokte, bevreesde dier kyk hy in die vertrek rond, na die hoë venster.

,,Jy hoef my nie langer te kasty nie, Constance," jaag Dreyer se asem. ,,Ek het gesien toe Liet Levine haar are met 'n mes afgesny het. Sy het die punt. . . die punt van die mes deur haar are gedruk. Ek het haar hospitaal toe gehaas, maar sy het nie lewendig daar aangekom nie."

Constance se gesig is verwronge.

,,En tog. . . tog kon sy vandag nog gelewe het, as sy nie dwaas was nie, as sy nie pogings aangewend het om vir die polisie van my te vertel nie, Dreyer. Ek het met opset geweier om haar 'n inspuiting te gee. Sy het gedink sy sou die naeffek te bowe kom, maar. . . maar sy het gesterf, Dreyer. . . Sy het selfmoord gepleeg. M6 is wonderlik, Dreyer, en raai, geen ander man hier in Suid-Afrika kan jou daardie inspuiting gee nie. En as ek dit nie gee nie, sterf jy ook."

Dreyer kyk vinnig op na die horlosie teen die muur met die haastige sekondewyser. Dit is byna halftwaalf.

,,Jy is sadisties, Constance. Ek. . . ek het nooit so 'n wrede houding van jou verwag nie."

,,Ek sal jou laat sterf, maklik, Dreyer, as jy nie doen wat ek jou sê nie, wat ek jou beveel nie. Daar is die telefoon op die lessenaar. Bel madame Linsay nou. Maak 'n afspraak met haar. Sê enigiets, maar laat haar verstaan dat jy die juwele moet sien om daaroor te kan skryf, dat jy verskeie foto's van haar by die juwele wil neem. Maak 'n plan om die juwele by haar woonstel in die hotel te kry voordat die partytjie begin. Doen dit nou. . . anders geen inspuiting nie, anders nooit weer 'n inspuiting nie.



Dreyer vlieg andermaal van die rusbank af op. Hy val voor die invalide-stoel op sy knieë. Sy oë is wydgerek, sy gesig verwronge soos die van 'n angsbevange kranksinnige.

,,Nee. . . nee! Moet dit nie aan my doen nie!"

,,Bel, dan kry jy die inspuiting. . . Stel vir my, Constance, in die geleentheid om daardie rykdomme van madame Linsay in die hande te kry. . . en jy lewe weer en jy het die versekering dat jy altyd sal lewe. Ek sal jou inwy in die geheim van M6 sodat dit altyd jou stille vriend sal bly, nooit van jou sal kan wyk nie, Dreyer."

Dreyer is uitasem. Hy het opgestaan en Constance se skouers vasgegryp.

,,Goed. . . goed. . . ek sal haar opbel, Constance. . . Ek sal! Ek sal! Ek sal enigiets doen wat jy sê! Gee my net 'n skoot. . . eers 'n skoot! Ek stotter. . . ek kan nie praat nie! Ek het geen selfvertroue sonder. . . sonder M6 nie!"

Die invalide stoot Dreyer van hom af weg.

,,Dit is beter. . . Dit is wys, Dreyer. Ek weet jy is lomp, maar die inspuiting sal jou selfs woorde gee. Dit is 'n wondermiddel. Bly hier. Sit op die rusbank. Jy is nou-nou reg."

,,Maak gou. . . maak gou, Constance! Jy weet nie hoe verskriklik dit is nie!"

Dreyer sak op die rusbank neer. Constance se rolstoel piep. Die geluid klink oorverdowend in Dreyer se singende ore. Die invalide beweeg van hom af weg. Hy sien sy swaar, bonkige liggaamsbou. Hy is voor 'n swaar deur, 'n brandkamer en hy buk vooroor om die letters op die slot te draai. Alleen Constance weet wat die geheimse syfers en letters is wat die brandkas laat oopswaai. Dreyer hou hom dop met oë wat byna uit hulle kaste peul.

Constance en sy stoel beweeg na binne. Die swaar deur gaan toe. Dreyer weet dat daardie deur nou net van die binnekant oopgekry kan word. Hy kyk met beswete voorhoof op na die horlosie met sy fyn, lang swart wysertjie wat die sekondes afjaag. Dreyer kry die eienaardige gevoel dat hy twee is. Hy kry die voorsmaak van die hel. Hy staan op die punt om die poorte na volslae kranksinnigheid te betree, en die angs wat met hierdie gevoel gepaard gaan, is verskriklik, moordend.

Eindelik gaan die swaar deure weer oop en onwillekeurig glimlag Dreyer wanneer hy die inspuitingsnaald met die troebel vloeistof in Constance se hand sien. Die brandkas word toegedruk en die letters en nommrs op die slot spring weer in hulle posisie reg. Nou kan net Constance en iemand wat die kode ken, daardie deur weer oopkry.

Dreyer hou sy arm reg. Die aar waar die naald moet ingaan, bult uit soos hy sy das om sy bo-arm styf trek.

Die invalide-stoel piep en Constance buk vooroor, watte met spiritus in die een hand, die inspuitingsnaald in die ander. Hy sit die watte op 'n klein tafel neer en dan sink die naald in die aar weg. Met 'n skok voel Dreyer hoe die vloeistof intrek, oor sy hele liggaam sprei. Daar kom 'n soort floute oor hom en hy sluit sy oë. Sy kop val agteroor op die kussing en vir enkele sekondes lê hy so. Dan maak hy sy oë oop. 'n Wonderlike gevoel deurtrek sy hele liggaam.

Na 'n paar oomblikke staan hy op en rek hom uit, asof hy heerlik geslaap het. Daar is 'n glimlag op sy gelaat.

,,Nou voel jy natuurlik beter," brom Constance.

,,Ek voel wonderlik. . . eenvoudig wonderlik," antwoord Dreyer en hy staar na homself in die spieël teen die muur. Hy sit sy das weer aan. Constance sit die inspuitingsnaald op die lessenaar neer.

,,Toe Dreyer. Nou moet jy bel."

Constance wys na die telefoon, maar Dreyer gaan sit en hy glimlag breed na Constance.

,,Jy moet jou woord hou, Dreyer. Die invloed van die M6 bly twaalf uur lank. Vir twaalfuur voel jy heerlik en daarna verdwyn die gevoel wat jou sterk maak. Jy moet dus nie nou kop uittrek nie. Madame Linsay se partytjie vind vanaand in die Hotel Athlone plaas. Jy moet doen soos ek vir jou sê."

Dreyer vryf oor sy kniekoppe.

,,Wat wil jy met haar juwele maak?" vra Dreyer skielik.

Constance kyk vinnig na hom.

,,Probeer jy 'n grappie maak, Dreyer? Haar juwele is miljoene werd. Miljoene! Net die halssnoere, ringe en goeters wat sy saamgebring het, is byna 'n miljoen rand werd. Beteken 'n miljoen rand vir jou niks nie?"

,,Dit is. . . as ek dit kan kry sonder om. . . wel sonder om dit op hierdie manier in die hande te probeer kry."

Constance se invalide-stoel beweeg piepend nader na hom toe.

,,Kyk, Dreyer, al wat jy moet doen is om haar te oorreed om die juwele net vir 'n uur na haar hotel te bring. Dit is nou in die bank. Sê jy wil haar daarby afneem. Ek sal vir die res sorg."

Dreyer is nou rustig. Hy is nou vol selfvertroue. Hy streel homself oor sy gesig en kyk dan na sy hande.

,,Wonderlik. . . wonderlik!" mymer Dreyer en hy glimlag nog. Constance kan sien dat hy die gesprek oor die juwele wil afstoot, dit wil ignoreer.



,,As jy nie van haar onthaal vanaand gebruik maak om die juwele uit die bank te kry nie, Dreyer, sterf jy teen twaalfuur vannag. . . Onthou mooi."

Dreyer kyk vinnig op. Die woorde laat hom dink aan die verskriklike toestand waarin hy 'n oomblik gelede was.

,,Wat wil jy met haar juwele aanvang waar jy reeds so baie geld het, Constance? Jy het as geneesheer 'n fortuin gemaak. Jy is 'n suksesvolle dramaturg en 'n skrywer en verder kry jy hierdie goed, die M6, en jy spuit byna 'n honderd pasiënte daagliks daarmee in. Van elkeen kry jy tien rand. Is dit nog nie genoeg geld nie?"

Constance kners op sy tande en hy byt sy onderlip dat dit eintlik wit word. Hy mik asof hy Dreyer met 'n groot hand wil neervel, en dan sis hy:

,,Jou gemene vark! Hoeveel keer het ek jou gewaarsku om nie veel van hierdie M6 te praat nie? Hoeveel keer het ek jou gevra om jou mond te snoer? Dit is nie jou besigheid nie. Ek wil daardie juwele hê. Jy kry 'n deel van die opbrengs. Ek kan dit oorsee van die hand sit. Jy en ek kan albei skatryk word, in een nag. Hierdie dinge wat ek nou bedryf, is kinderspeletjies. . . Die skrywery is net 'n soort stokperdjie. Dit is skaars genoeg om van te lewe.

Dreyer staan op en gaan staan by die venster.

,,Gaan jy bel?" vra Constance sag agter hom.

Dreyer draai skielik om.

,,Ek sal. . . ek sal my belofte hou, maar kom ons gaan net na wat ek daaruit sal kry."

Dreyer plaas sy hande in sy sye. Hy voel nou soos 'n groot man. Hy gaan staan vlak voor die man in die invalidestoel.

,,So moet jy praat. . . so moet jy praat," sê Constance tevrede.

,,Jy sien, jy sal tog nooit sonder M6 kan klaarkom nie."

,,Jy. . . jy, Constance, moet jou belofte ook nakom. Sodra ek dit vir jou bewerk het dat jy die juwele by die hotel kan laat steel, gee jy my 'n goeie voorraad van M6. Jy gee my die formule vir M6. M6 is my lewe. Ek sal nooit. . . nooit weer daarsonder kan lewe nie."

Constance se glimlag is soos die glimlag van 'n oorwinnaar.

,,Dit is goed dat jy dit besef, Dreyer. Natuurlik sal ek dit doen, natuurlik. En . . . enne, ek gee jou veertig persent van die opbrengs van die juwele."

,,Hoekom nie vyftig persent nie?" wil Dreyer weet.

,,Omdat ek nog my twee vertrouelinge wat eintlik die diefstal sal pleeg, sal moet betaal. En ek moet die kontakte oorsee bewerk. Jy doen slegs een ding. Jy oorreed haar om haar juwele